

Moenie die groot saligheid verontagsaam nie! (OP78)

Heb 2:1-4

27 Februarie 2022

Nadat ons verskeie weke in Heb 1 spandeer het, wil ek vandag aanbeweeg na Heb 2:1-4. Ek hoop dit was duidelik die hooffokus in Heb 1 is om die verhewendheid van die Seun uit te lig. Kan ek dit net weereens baie kortliks opsom: Die Seun is die ewebeeld van die wese van God – dit is deur die Seun dat ons God leer ken. Die Seun is ook die Verlosser van sondaarmense. Hy is die Skepper, die Onderhouer en die Een wat aan die einde alles sal “oprol”. Hy is die Erfgenaam van alles. Hy is ook die Eersgeborene. Hy is die ewige Koning wat aan die regterhand van die Vader sit. Hy is onveranderlik. Hy is verhewe bo die engele. Hy is mens, maar Hy is ook God en Here. Hy is Jesus Christus, die Here, die Seun van God!

Kom ons beweeg nou aan na Heb 2. Vir ‘n begin, let op die struktuur en hoe Heb 2 inskakel by Heb 1. In Heb 1:1-3 het ons ‘n beknopte opsomming van die verhewendheid van die Seun. Vanaf Heb 1:4-14 is die fokus om te beskryf hoe ver verhewe die Seun bo die engele is. Lees Heb 2:5. Hieruit is dit duidelik dat die argument oor die verhewendheid van die Seun oor die engele in vers 5 en verder voortgesit word. Dit beteken Heb 2:1-4 is ‘n onderbreking van hierdie argument. Die rede vir hierdie onderbreking is dat toe die Hebreërskrywer die einde van hoofstuk 1 bereik het, was hy so meegevoer deur dit wat hy geskryf het, dat hy sy argument onderbreek om ‘n dringende oproep te rig aan sy lesers. Hy roep hulle op om te besef wat die implikasies is van die inhoud van Heb 1. Daarom begin Heb 2:1 met “Om hierdie rede” in die NAV, of “Daarom” in die OAV.

Oproep: Gryp vas aan wat ons gehoor het!

Die oproep van die skrywer aan sy lesers is dat hulle moet vasgryp aan wat hulle gehoor het. Dit laat die vraag ontstaan: Wat is dit wat hulle gehoor het? Natuurlik, in die eerste plek is dit wat hulle sopas gelees het in Heb 1 – dit is, die verhewendheid van die Seun! Gryp dit vas! Of soos die OAV dit stel: Gee ag hieraan. In vers 3 word dit nog duideliker wat die skrywer in gedagte het wat hulle nie moet verontagsaam nie – dit is die groot saligheid. Onthou nou hoe hoofstuk 1 afgesluit het: In Heb 1:14 het ons gelees dat die engele die mense dien wat die saligheid gaan beërwe. Laasweek het ons gesê hierdie saligheidserfenis is die voltooiing van die verlossing van gelowiges. In vers 3 voeg die skrywer by dat hierdie saligheid immers deur die Here, dit is deur die Seun, verkondig is!

Sien jy die punt van hierdie oproep? Heb 1 het verduidelik hoe verhewe die Seun is. Ja, in die verlede het God deur die profete gepraat. Maar Hy het grotendeels met hulle gepraat oor die Seun. In die laaste dae het God egter deur die Seun gepraat. Wat is dit wat die Seun kom bekend maak het? Omdat die Seun die ewebeeld van die wese van God is, het Hy dus die wese Vader kom bekend maak. Hy het kom bekend maak dat die Vader in Sy wese vol liefde en genade is. Hy het kom bekend maak dat die Vader mense wil red – deur die Seun! Die Seun het dit nie net kom bekend maak nie, nee, Hy het ook die reiniging van sondes kom bewerk! Daarom het Hy mens geword – sodat Hy hierdie saligheid vir mense kon bewerk. Maar Hy was ook God – sodat Hy hierdie saligheid vir mense kon bewerk. Hy is Jesus – die Saligmaker. Hy is Christus, die Gesalfde, die Messias. Hy is die Here. Hy is die Seun van God. Hy het die saligheid kom bekend maak en dit kom bewerk. En diegene wat hulle geloof in Hom plaas, sal hierdie saligheid beërwe. Selfs die engele is in Sy diens om hierdie saligheid vir hierdie mense te laat realiseer. Dit is hoekom Hy heers as Koning – sodat al die vyande van God deur Hom finaal onderwerp kan word. Sodoende sal niks die realisering van hierdie groot saligheid belemmer nie! Ons kan selfs verder gaan: Dit is hoekom die Vader deur Hom die wêreld geskep het – sodat daar mense kan wees, sodat die Seun vir hulle verlossing kan bewerk, sodat hulle die

heerlikheid van die Seun en dus ook die heerlikheid van God kan sien, sodat hulle God kan verheerlik!

Wartoe die skrywer sy lesers oproep is dat hulle moet vasgryp aan al hierdie dinge, in wese is dit niks anders as die evangelie nie. Ef 1:13 noem dit die evangelie van verlossing.

En dit is die punt van die skrywer: Ons moet dit vasgryp (NAV)! Ons moet hierop ag gee (OAV)! Die ESV sê: Pay attention! Nee, die skrywer is nog dringender in sy oproep: Ons moet dit kragtig vasgryp (NAV)! Ons moet meer ag gee hierop (OAV)! Pay close attention (ESV)! Nee, die skrywer is selfs nog dringender in sy oproep: Ons moet dit soveel kragtiger vasgryp (NAV)! Ons moet des te meer ag gee hierop (OAV)! We must pay much closer attention (ESV)!

Jy mag doodeenvoudig nie deur Heb 1 lees, en nie daardeur aangegryp word nie. Jy mag doodeenvoudig nie onaangeraak wees daarvoor nie. Jy mag dit eenvoudig nie ignoreer nie.

Hoekom hierdie dringende oproep?

Hierdie dringendheid van die skrywer onder die leiding van die Heilige Gees laat mens die vraag vra: Hoekom is hy so dringend hieroor? Ek wil graag 5 redes gee hoekom die oproep so dringend is:

1. Die inhoud van die oproep behels 'n groot saligheid: Lees Heb2:3. Die punt is dat as jy vasgryp aan die inhoud van die oproep, as jy vasgryp aan dit wat Heb 1 ons leer, as jy vasgryp aan die evangelie, dan hou dit die belofte in van 'n groot saligheid. Dit is in lyn wat ons laasweek gesien het in Heb 1:14 – daar is die saligheidserfenis wat wag vir gelowiges. Selfs die engele werk mee om diegene wat ag slaan op hierdie oproep by hierdie erfenis te bring. Hierdie erfenis is hulle finale en volledige verlossing! Ons het laasweek ook daarvoor gepraat: hierdie erfenis is eenvoudig heerlijk, dit is onverganklik, onbesmet en onverwelklik, dit is so heerlijk dat diegene wat dit erf dan selfs meer verhewe sal wees as die engele! Hulle gaan nie net boodskappers wees nie, nee, hulle gaan kinders van God wees in heerlijkheid, hulle gaan geklee wees in helder fyn bruilofsklere, hulle gaan priesters en konings wees wat saam met die Seun op die troon gaan sit en regeer, hulle gaan die eiendomsvolk van God wees. Hulle gaan deel wees van die nuwe Jerusalem, hulle gaan op die nuwe aarde onder die nuwe hemel woon, en God self gaan by hulle woon – Hy gaan hulle God wees en hulle gaan Sy volke wees, Hy gaan hulle trane afdroog en daar sal geen dood meer wees nie (Op 21:1-4). Heb 10:14 sê: “Deur die één offer het Hy die wat vir God afgesonder word (oftewel salig word), vir altyd volkome van sonde vrygemaak”. Dit is voorwaar 'n groot saligheid. Enigiemand wat werklik oortuig is daar is so 'n erfenis, sal dit tog nie wil verontagsaam nie! Daarom roep die skrywer op: Gryp vas! Gee ag! Pay attention!
2. Hierdie groot saligheid weerspieël die grootheid van die Drie-Enige God: Alhoewel dit waar is dat die groot saligheid waarvan hier gepraat word, werklik groot is, is dit nie die hoogtepunt nie. Ja, ons kan, en ons moet ons verlustig in die grootheid van hierdie saligheid, maar wat Heb 1 ons leer is dat hierdie groot saligheid bewerk word deur God. As hierdie saligheid so groot is, kan jy jou indink hoe groot die Een moet wees wat dit bewerk! Ek het netnou daarna verwys, maar kan ek dit weer uitlig: Die Vader skep deur die Seun alles – sodat daar 'n plek is waar Hy hierdie saligheid kan bewerk. Hy stuur Sy eie Seun as God en mens om geregtigheid te bewerk, sodat hierdie saligheid kan realiseer. Die Vader heers deur die Seun oor alles sodat die getal kan groei van diegene wat deel in hierdie saligheid. Die Seun regeer tot die einde. Hy stuur sy Heilige Gees om diegene wat deel in die saligheid, te laat groei in heiligheid, Hy stuur Sy engele as boodskappers om diegene wat deel in die saligheid te beskerm teen die duiwel en sy trawante, die Vader oorwin deur die

Seun al Hulle vyande, en dan maak Hy alles nuut. In dit alles sien ons hoe magtig die Drie-Enige God is, hoe vol liefde en genade, hoe heilig Hy is. En die mense wat deel in die saligheid, saam met die engele, ervaar dit self – en wat is die noodwendige resultaat? Hulle verheerlik God! En dit is die doel met die groot saligheid: God moet verheerlik word. Dit gaan oor God se eer! Daarom is die oproep van die Hebreërskrywer so dringend: Gryp vas! Gee ag! Pay attention!

3. As ons nie vasgryp nie, loop ons die gevaar om weg te dryf: Lees Heb 2:1. Die oproep van die skrywer is dringend, want as ons nie vasgryp nie, kan ons dalk wegdryf. Die beeld is natuurlik die van 'n boot wat deur strominge meegesleur kan word as dit nie behoorlik geanker is nie. Dit verg moeite om nie deur die stroom meegesleur te word nie – óf die tou waarmee dit vasgemaak is, moet weerstand bied, óf diegene wat roei moet hard roei as hulle stroom op wil beweeg. Dit is belangrik dat ons moet onthou dat die skrywer besig is om aan mense te skryf wat hulleself sien as gelowiges. Hy skryf nie aan ongelowiges nie. Wat wel waar is, is dat hy skryf aan mense wat Jode was, en wat hulle by die Christene gevoeg het, maar wat nou wonder of dit die moeite werd is, veral omdat hulle druk van die Jode ervaar om hulle Christelike geloof prys te gee. Lees Heb 6:11-12. Hier blyk dit dat die Hebreërs besig was om die ywer wat hulle vroeër gehad het, te verloor. Dit lyk of hulle besig was om traag te word. Dit is aan hierdie mense wat die skrywer sê hulle moet nou vasgryp, want as hulle nie vasgryp nie, kan hulle wegdryf. Maar hy kom by hierdie oproep juis nadat hy in hoofstuk 1 vir hulle gewys het hoe verhewe die Seun is – daardie Een wat die verskil is tussen die Joodse en die Christelike geloof. Hy waarsku hulle hulle moet aan Hom vasgryp! Ons is baie lief om vas te hou aan die waarheid dat 'n gelowige nooit uit die geloof sal val nie. Maar hier waarsku die skrywer mense wat hulleself as gelowiges beskou, dat hulle die gevaar loop om weg te dryf. In 1 Tim 1:19b lees ons: “Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gely”. Ja, dit is so, as iemand uit die geloof val, beteken dit dat hy nooit werklik 'n gelowige was nie. Maar die oproep hier is aan mense wat voorgee hulle is gelowiges: Pas op! Maak seker jy is geanker! Maak seker jy is geanker aan die Seun! Want anders kan jy wegdryf. In Judas vers 3 roep Judas sy lesers op hulle moet stry vir die geloof. Hewitt skryf in sy kommentaar dat die Hebreërs apaties en ongeërgd geword het oor hulle geloof. Die ESV vertaal die eerste gedeelte van vers 3 met: “How shall we escape if we neglect such a great salvation”. Dit was die gevaar vir die Hebreërs en ook vir ons: ons is geneig om hierdie groot saligheid te “neglect”. Iemand het gesê “neglect” gaan baie vinnig oor in “reject” – en dit is waarteen die skrywer so dringend waarsku. Pink het geskryf dat hierdie wegdryf op twee maniere kan plaasvind: As ons nie ernstig vasgryp aan die saligheid en al die dinge wat in Heb 1 beskryf is nie, as ons dit nie bedink en bestudeer nie, dan dryf hierdie dinge van ons weg. Die ander manier is dat ons van die dinge wegdryf deurdat ons al meer ons gedagtes met ander dinge vul. Die resultaat is dieselfde: daar kom afstand tussen ons en die dinge van die groot saligheid – en dit is gevaarlik. Daarom: Gryp vas! Gee ag! Pay attention!
4. Die woord van die Seun is meer bindend as die woord van die engele: Lees Heb 2:2-3a. In vers 2 verwys die skrywer na 'n woord wat deur engele gepraat is. Ek het al vantevore verwys na die feit dat die Jode 'n baie hoë agting vir die engele gehad het. Hulle was oortuig dat die wet deur engele aan Moses gegee is – hierdie oortuiging was nie sonder gronde nie. Lees Gal 3:19 (Hand 7:38 leer dit ook). Hier word pertinent gesê dat die wet deur engele aan Moses gegee is (al word dit nie pertinent in Eks 19 gesê nie). Wat vers 2 nou redeneer is dat hierdie woord wat deur engele gekom het, bindend was, en dat enige oortreding teen die wet regmatig gestraf is. En daar is baie voorbeelde in die Ou Testament waar dit gedoen is. Dink maar net aan Akan wat hom vergryp het aan die goed toe hulle Jerigo ingeneem het,

en hoe hy met sy lewe daarvoor betaal het. Of dink aan Korag, Datan en Abiram wat vreemde vuur voor God gebring het. Duidelik was die inhoud van die woord wat deur die engele gekom het, bindend. In vers 3 gaan die skrywer verder en sê daar is nog 'n woord wat ons hiermee kan vergelyk: hierdie woord is die woord oor die groot saligheid wat deur die Here verkondig is. Die "Here" verwys natuurlik na die Seun. En soos wat ons nou al gesien het, ook uit Heb 1, was dit die Seun wat die groot saligheid kom bekend maak het en dit kom bewerk het. Ons lees immers in Mark 1:14: "Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea toe gegaan en die evangelie van God verkondig". Verder, was die hele betoog van die skrywer vanaf vers 4 in Heb 1 dat die Seun meer verhewe is as die engele. Die implikasie is dus nou: As die Seun meer verhewe is as die engele (en dit is so – Heb 1 bewys dit oor en oor), en as die woord wat deur engele in die Ou Testament gespreek is, bindend was (en dit is so – die hele Ou Testament is vol voorbeelde), daarom sal dit onmoontlik wees om die regmatige straf te ontkom indien ons die groot saligheid, wat deur die Seun verkondig en bewerk is, verontagsaam! Daar is nog 'n dimensie wat ons oor moet dink: Natuurlik was die woord wat in die Ou Testament deur die engele, en ook deur die profete, gekom het, ten diepste die Woord van God. Netso, is die woord wat die Seun verkondig, ook die Woord van God. Die groot verskil tussen die twee is egter dat die woord wat deur die engele en die profete gekom het, het vooruit gekyk. Dit was vol beelde en skadu's van die groot saligheid wat sou kom. Daarteenoor het die woord wat deur die Seun gekom het, die koms van hierdie groot saligheid aangekondig! As daardie woord wat vol beelde en skadu's was, bindend was (en dit was, want daardie beelde en skadu's is vervul in die Seun), hoeveel te meer bindend moet die woord wees wat deur die Seun gekom het! Daarom sal ons nie ontkom as ons dit verontagsaam nie! Daarom: Gryp vas! Gee ag! Pay attention!

5. Die boodskap van die groot saligheid is absoluut betroubaar: Lees Heb 2:3b-4. Dit is doodeenvoudig verstommend om raak te sien hoeveel moeite God gedoen het om ons te oortuig dat hierdie groot saligheid absoluut waar is. Soos wat ons sopas gesien het, is dit alreeds in die Ou Testament aangekondig deur die engele en die profete. Maar toe die Seun gekom het, het Hy die evangelie van verlossing, oftewel die groot saligheid, kom verkondig. Maar al was dit alreeds in die Ou Testament verkondig, was dit steeds moeilik vir die mense om dit te begryp. Selfs Jesus se dissipels het gesukkel om presies te snap wat Hy kom doen het. Lees as voorbeeld Mark 8:14-21. Al was hulle gereeld blootgestel aan Jesus se lering, was hulle traag van begrip. Maar dit is juis wat die Seun kom doen het – Hy het gekom om hulle geleidelik meer en meer te leer sodat hulle die groot saligheid kon begryp en wat Sy rol is om dit te bewerk! En toe Hy op die punt gestaan het om op te vaar hemel toe, kon Sy dissipels nog steeds nie alles begryp nie. In Joh 16:12-14 beloof Jesus aan Sy dissipels dat Hy die Heilige Gees sal stuur, en dat die hulle in die hele waarheid sal inlei. Lees Ef 3:5-6. Soos nog nooit tevore in die geskiedenis van die mensdom nie, het God deur die Heilige Gees aan die apostels die inhoud van die evangelie, dit is die groot saligheid, bekend gemaak nie. Skielik het hulle dit gesnap – gaan lees maar weer Petrus se preek op Pinksterdag. Skielik kon hulle bevestig wat Jesus kom leer het. Maar vergelyk dit nou met wat Heb 2:3 sê: die boodskap van die groot saligheid is verder bevestig deur die wat dit gehoor het – dit verwys natuurlik na die apostels. Maar nog steeds is dit nie al nie – God het selfs nog meer gedoen: Lees Heb 2:4. God het saam met die apostels getuig oor die evangelie, oor die groot saligheid – Hy het dit gedoen deur tekens, wonders, kragtige dade en ook deur gawes van die Heilige Gees wat Hy volgens Sy wil aan hulle gegee het. Hierdie keer kan ons na die boek Handeling toe blaai waar ons talle voorbeelde vind van waar dit gebeur het. Kyk byvoorbeeld na Hand 3. In verse 1-10 lees ons hoe Petrus en Johannes 'n verlamde man

wonderbaarlik laat loop het. Lees nou vers 11-16. Hier gebruik Petrus die geleentheid om die mense wat verbaas was oor die wonder wat plaasgevind het, te konfronteer met die inhoud van die evangelie – beginnende by Abraham tot by Jesus, en veral dat geloof in Jesus die man se bene gesond gemaak het! Hier is die groot saligheid weer 'n keer afgebeeld op 'n sigbare manier wat die mense kon sien. En Petrus se oproep aan hulle is basies dieselfde as die oproep van die Hebreërskrywer: Moet nie die groot saligheid verontagsaam nie! Sien jy die punt? Die profete het dit aangekondig in die Ou Testament! Jesus het dit self verkondig terwyl Hy op aarde was om die saligheid te bewerk! Die Heilige Gees het die apostels dit laat snap, en toe getuig hulle ook daarvan! En God getuig saam met hulle toe Hy deur hulle wonderwerke gedoen het! Die profete het getuig! Die Seun het getuig! Die Heilige Gees het getuig! Die apostels het getuig! God het getuig! Hoeveel getuies wil julle nog hê? Daarom: Gryp vas! Gee ag! Pay attention!

Nee, nog meer dringend: Gryp kragtig vas! Gee meer ag! Pay close attention! Nee nog meer dringend: Gryp dit soveel kragtiger vas! Gee des te meer ag! Pay much closer attention (ESV)!

Hoe gryp ons kragtiger vas aan die groot saligheid?

As ons oor hierdie vraag dink, moet ons onthou die Hebreërskrywer skryf aan mense wat bely dat hulle gelowiges is. Dit is hulle wat soveel kragtiger moet vasgryp. Ons sou kon sê hierdie oproep kom na vandag se kerkmense. Die oproep in vers 1 is dat ons soveel kragtiger moet vasgryp aan wat ons gehoor het. Wat is dit wat ons gehoor het? Sekerlik al die heerlike waarhede in Heb 1. Maar dit gaan verder – dit sluit die heerlike waarhede in wat oor die groot saligheid handel. Dit beteken dit is die evangelie – soos wat dit deur die profete aangekondig is, deur die Seun geleer is, deur die Heilige Gees deur die apostels bevestig is, en waarvan God self deur tekens, wonders, dade en gewes getuig het. Alhoewel dit krities belangrik is dat ons moet hoor, is die inhoud van hierdie oproep dat hoor nie genoeg is nie. Dit is bloot die begin. Na ons gehoor het, moet ons dit wat ons gehoor het, soveel vaster vasgryp. Pink sê dit beteken ons sal daarvoor moet gaan mediteer in gebed, ons sal dit ons eie moet maak. Hy sê dit beteken ons gaan ons verstand bewustelik moet inspan om dit te leer ken en begryp. Ons gaan dit moet bestudeer. Onthou die evangelie is slegs effektief as dit geglo word. Glo beteken ons ken dit, ons verstaan dit want ons het deeglik daarvoor gaan besin tot op die punt dat die Heilige Gees ons oortuig het dit is waar. En daarna vertrou ons die inhoud daarvan – selfs ten koste van die wysheid van hierdie wêreld. Ons dryf nie maar net daarin nie. Ons moet vasgryp. As ons nie vasgryp nie, dryf ons weg.

Andrews skryf dat gelowiges deesdae tevrede is om net die sogenaamde reëls van Christelike gedrag te leer asof hierdie reëls arbitrêr is en bloot 'n ritueel wat nagekom moet word. Hulle doen Christelike dinge doodeenvoudig omdat hulle leiërs so sê. Wat egter werklik nodig is, is oortuiging uit die Skrif, wat dan aanleiding gee tot Skrifgebaseerde gehoorsaamheid. Maar let op, die oortuiging uit die Skrif is nie maar net wat die regte dinge is om te doen nie, dit is 'n diepgaande oortuiging van die dinge wat Heb 1 leer – die verhewendheid van die Seun, van die groot saligheid, van die evangelie.

Kan ek vir jou vry aanhaal wat Stuart Olyott hieroor skryf. Hy sê die volgende: God het laastens deur die Seun gepraat. Dit was die finale spreke van God met die mensdom. 'n Mens sou dink dat almal gretig sou wees om te hoor wat God deur Hom gesê het. 'n Mens sou gedink het almal sou al hulle aandag en vermoëns ingespan het om te hoor wat God op so 'n perfekte manier gesê het. Maar dit was glad nie die geval nie. Die Hebreërs se aandag was elders. God het finaal gepraat, maar hulle was minder geïnteresseerd daarin as wat hulle behoort te gewees het. I.p.v. aandag hieraan gee, was hulle besig om weg te dryf. I.p.v. dat hulle seker gemaak het hulle ankertoue is almal goed vas,

trouens i.p.v. dat hulle hulle ankertoue al hoe vaster en vaster gemaak het, het hulle toegelaat dat hulle toue se knope losraak en begin gly. Hulle was op die punt om in die ewige verdoemenis in te dryf – omdat hulle nie hulle toue al vaster gebind het nie.

Jy sien, daar is baie dinge waarin mense glo. Dit kan ander godsdienste wees. Maar daar is ook wêreldse oortuigings wat gereeld aan ons opgedis word wat in stryd is met die evangelie. Kan ek maar 'n voorbeeld noem: Glo net in jouself, dan kan jy alles doen! Dit bots met die evangelie. Die belangrike punt is dit: Jy kan jou rug op enige van hierdie ander geloofstelsels draai – al wat jy dan doen is om jou rug op 'n menslike oortuiging te draai. Maar die situasie is heeltemal anders as jy dit met die evangelie doen. Die evangelie is nie maar net nog 'n geloofsoortuiging nie. Dit is wat God gesê het. En Hy het dit finaal aan die mensdom bekend gemaak deur die Seun. En die Seun is so verhewe dat daar niemand groter is as Hy nie. As jy jou rug op die evangelie keer, keer jou jou rug op die mees verhewe Persoon in die heelal, jy keer jou rug op jou Skepper, jou Regter, die Een wat al God se vyande finaal gaan oorwin, die enigste Een deur wie daar verlossing is!

Kan ek jou vra: Het jy al werklik aan Hom vasgegryp? En gryp jy al hoe vaster aan Hom? Gryp jy vandag vaster aan Hom as wat jy in die verlede gedoen het? Dit beteken dat jy bewustelik die knoop al hoe vaster maak deurdat jy jou verdiep in hoe verhewe die Seun is, in die groot saligheid wat Hy bewerk het. Olyott sê: Dit is moontlik om te bely jy is 'n Christen, en tog verlore te wees. Want dit is moontlik dat sogenaamde Christene sal wegdryf en eindig as afgedwaaldes. En die rede hoekom hulle sal wegdryf is: nalatigheid. Hulle maak nie die knoop al hoe kragtiger vas nie, maar is nalatig, en dus dryf hulle weg. Maak seker dit is nie waar van jou nie.